**10 Februarie** **Skrifgedeelte: Eksodus 34:27-35**
**Fokusgedeelte: Eksodus 34:29b**

**Wie naby die Here lewe, straal sy heerlikheid uit**

Wanneer ons rondom ons kyk, sien ons oral die heerlikheid van die Here. Ons sien dit veral in die pragtige skepping! Straal God se kinders ook sy heerlikheid uit? Hoe gebeur dit?

Ons lees dat Moses, wanneer hy naby God was, se gesig geblink het soos die son. Almal kon sien dat iets van die heerlikheid van die Here op sy gesig agtergebly het. Wie naby die Here kom, kan nie onveranderd bly nie.

Daarom skryf Paulus vir die gemeente van Korinte dat nie alleen Moses die heerlikheid van die Here uitstraal nie, maar ons almal wat ’n kind van God is en deur die Heilige Gees leef (vgl. 2 Kor 3:12-18). Trouens, Paulus sê dat Moses sy gesig bedek het wanneer hy van die Here gekom het, *omdat die glans na ’n tyd weer verdwyn het*. Met ons is dit anders. Omdat die Heilige Gees elke dag met ons is, as ons deur Hom leef, *neem die heerlikheid wat ons uitstraal, steeds toe* (2 Kor 3:18).

Is dit so dat ander mense uit jou woorde en dade kan merk dat jy deur die Gees leef? Straal ons die liefde, waarheid, reg en goedheid van God uit? Natuurlik gaan dit nie oor ons en ons beeld nie, maar oor die heerlikheid van God. Selfbeeldbou en die uitstraal van God se beeld staan teenoor mekaar. Onthou dit! Juis wanneer ek klein en swak is, is God groot in my lewe!

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*